MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

26 AUGUST 2010

Piesangrepubliek se boendoe-onderwys - CDP
"Slegs weke na Suid-Afrika as 'n hoogs suksesvolle land tydens die Wêreldbeker-sokkertoernooi aan die wêreld voorgehou is, doen die regering alles in sy vermoë, om die land as piesangrepubliek te skilder. Nasionaliseringspraatjies word nie gesmoor nie, maar pogings word nou aangewend om die land sy grondwetlike meningsuiting en persvryheid te ontneem."

"Terwyl vele staatsdienswerkers, waaronder baie onderwysers, staak, publiseer Newsweek syfers wat daarop dui dat Suid-Afrika onder 100 lande die 82de plek as suksesvolle land beklee, en op die onderwysterrein die 97ste," sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP).

"Ons is baie dankbaar vir die toegewyde onderwysers, maar dit toon onomstootlik, dat geld wat stom is, nie alles kan regmaak wat krom is. Behoorlike bestuur, skoon administrasie, en toewyding is die grondslae vir sukses. 'n Regering wat nie deur voorbeeld lei nie, gaan groot moeite hê om die land volgens sy potensiaal te laat presteer."

Banana republic with bundu education
Only weeks after South Africa was presented to the world as a highly successful country during the World Cup soccer tournament, government does all in its power to portray the country, as a banana republic."

"Stirring comments on nationalisation is not dampened, but efforts are made to smother the country's right to freedom of opinion and press freedom. Whilst many government employees, many of them teachers, are on strike, Newsweek publishes data where South Africa scores the 82nd place as successful country out of 100 countries, and 97th as far as education goes," says Christian Democratic Party (CDP) leader, Rev. Theunis Botha.

"We are grateful for the many dedicated teachers, but this clearly indicates that money alone can not fix all problems. Proper management, clean administration and dedication are essential. 'n Government not leading by example will find it impossible to reap achievement according to potential."